

11 Januarie

Matteus 5:8; Johannes 7:37-39

Skep vir my 'n rein hart dat ek U kan sien

Het jou lewe in 'n toneelspel verander waarin jy toelaat dat onopregtheid 'n masker word waardeur jy 'n beeld vir ander wil voorhou van wat jy nie is nie? Om voortdurend die ware motiewe van jou hart te bedek en 'n misleidende beeld na buite voor te hou, kan 'n geweldige spanning in jou menswees veroorsaak. Om 'n beeld voor te hou van wat jy nie in jou hart is nie, is nie alleen uiters vermoeiend nie, maar vervreem jou van God. Dit maak van jou 'n mens wat vir God wegkruip. Dit maak van jou 'n ongelukkige mens. Kom almal wat vermoeid en belas is vanweë die klugspel waarin ons lewe so maklik kan opgaan. Kom luister na die saligspreking van ons Here wat sê: "Gelukkig is hulle wat rein van hart is, want hulle sal God sien".

Die Here wat hierdie seënende woorde uitgespreek het, is in staat om ons uit 'n valse lewenswyse, waarin geen vreugde is nie, te bevry en op 'n nuwe manier te laat lewe. Hy is in staat om 'n lewe te gee waarin vars, onvertroebelde water vanuit 'n onvervalste bron tot op die oppervlak van ons lewe kan deurbreek en verkwikking vir almal bring - 'n lewe waarin die grootste vreugde daarin geleë is dat ons God sal kan sien! Wanneer Christus, die Fontein van lewende water, deur die kragtige werking van die Heilige Gees in jou lewe deurbreek, word alle besoedeling en troebelheid uit jou hart weg gewas. Uit 'n rein hart kan 'n sterk stroom van lewensuitinge vloei waarin jy die Here met jou hele hart en al jou kragte kan liefhê en waarin almal wat uit die fontein van jou lewe drink, verkwik word deur die vars en soet water van liefde. Geen brak water kom meer uit hierdie hart voort nie. Wat 'n vreugde is dit om - bevry van 'n wegkruip-mentaliteit - met vrymoedigheid tot God te nader en Hom te sien en te bly lewe.

Sing: Skrifberyming 16:1, 6

Ds. F.W. de Wet (Vryheid)